

22 JULIE 2018

09:00 Erediens

Eric Scholtz

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk

Welkom terug na die vakansie!

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Fay van Eeden

'Die lewe is..!'-preekreeks

#1 Die lewe is...om liefde te gee en te ontvang

19:00 Belydenisklas

Om met wysheid te leef... Grootgroep in die Kapel

Baie dankie aan die ouers van die Graad 8's wat vanaand help tee skink na die Aanddiens.

U meelewing word opreg waardeer.

Navrae: Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836.

29 JULIE 2018

09:00 Erediens

Juan Aveling

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk

Almal welkom!

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Peet Crous

19:00 Belydenisklas

Ons roeping: Om God se koninkryk te vestig ('n Lewegewende gemeente) Grootgroep in die Kapel



WINTERFEES

29 JULIE 2018

R100 p/p

19:00 (na die kerkdien)

Kontak vir Liani (079 506 4078) of die kerkkantoor vir kaartjies

verskeidenheid potte |
winterpoeding | glühwein | koffie & tee

Bring asseblief jou eie eetgerei saam. Moet dit nie misloop nie!

1 Doller-'n-Dag-projek

1,1 biljoen mense leef op slegs een doller 'n dag. Kom stap vir 'n week lank in hierdie mense se skoene deur deel te neem aan ons 1 Doller-'n-dag-projek.

Hoe gaan dit werk?

Verbind jouself of jou gesin om van 30 Julie tot 5 Augustus te leef van \$1 per dag per persoon. Koop 'n doller-speld vir R15 by die Info-toonbank of die kerkkantoor as 'n sigbare teken van jou verbintenis. Oorweeg om die ervaring te deel met vriende of ander gesinne ('n paar doller saam sorg vir 'n groter/beter ete). Jy sou ook kon oorweeg om die kosgeld wat jy/julle die week spaar aan een van ons Caritas-projekte te skenk. Hou gerus dagboek of video-dagboek van jou ervarings. Stuur gerus jou video-dagboekstukkies na 083 478 0854. Ons sluit die week af met 'n gesamentlike-ete Sondagmiddag (5 Augustus) om 16:00 by die kerk. Vir meer inligting kontak gerus vir Fay van Eeden 083 478 0854 of Armand Fourie 084 513 3914.

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	Bybelstudie 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. Skole open. Bybelstudie 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. Nuwe Generasie Bybelskool 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660. Bybelstudie 19:15 (Koinonia) – Evelyn Jordaan.
Woensdag:	Studente-selgroep 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. "Young couples"-omgeegroep 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	Bybelstudie 09:30 (Lynnwood Oord). Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. Jong Volwasse-omgeegroep 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	Bybelstudie 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. Gebedsgroep 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Voorbidding:

Dawid, Estie en van Wyk-familie, Glenwoodweg 4, Lynnwood Glen 082 925 2219 – Estie se ma, Welma Snyman, oorlede. Begrafnis was Vrydag.

Petta Clarke, Jasonstraat 65, Lynnwood Glen, 072 505 2726 – herstel na knie-operasie.

"*geeREG" Maaltydkoepom-stelsel:

Elke dag word daar in die strate van Pretoria en Centurion 'n bedrag van tot R4 miljoen vir bedelaars gegee. Solidariteit Helpende Hand se navorsing het vasgestel dat tot 90% van bedelaars dwelms misbruik. Die probleem word elke dag net groter. Deur die geeREG-projek kan u maaltydkoepom koop wat die behoeftes van bedelaars baie meer verantwoordelik aanspreek. Maaltydkoepom is by die Info-toonbank of die kerkkantoor beskikbaar @ R15 elk.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing. Bank-besonderhede: NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of Snap Scan.

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers.
Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die diens vir enige navrae.



Snap here to pay

SnapScan

Kontak van die week: Bly in My

Die afgelope tyd het die bekende gedeelte van Johannes 15:1-8 weer vir my nuwe betekenis gekry. Behalwe vir die besondere prag van die gedeelte in die algemeen, het iemand my bewus gemaak van die herhaling van 'n sekere frase, "bly in my". Die gedeelte lees as volg, met kursief ingevoeg.

"Ek is die egte druiwestok en my Vader is die boer.²Eike loot aan My wat nie vrug dra nie, sny Hy af, maar elkeen wat vrug dra, snoei Hy skoon sodat dit meer vrug kan dra.³Julle is egter reeds skoon gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het.⁴*Bly in my*, soos Ek in julle. Net soos die loot uit sy eie nie vrug kan dra as dit nie in die druiwestok bly nie, so julle ook nie as julle nie *in My bly* nie. ⁵Ek is die druiwestok, julle die lote. Wie *in My bly* en Ek in hom, hy dra baie vrug, want sonder My kan julle niks doen nie.⁶ As iemand nie *in My bly* nie, word hy soos 'n loot buite uitgegooi, en verdroog. Hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. ⁷As julle *in My bly*, en my woorde in julle bly, vra dan wat julle wil, en dit sal met julle gebeur. ⁸ Hierdeur word my Vader verheerlik, dat julle baie vrug dra en my dissipels kan wees."

Dit is opvallend hoe baie die uitdrukking "bly in My" herhaal word. Die woorde word in die Nuwe Lewende Vertaling met "aan My verbonde bly" weergegee. In die Engelse vertalings word dit indermeer met "abide in me" of "remain in me" vertaal. Die aangrypende beeld spreek van lewe, 'n lewe wat vanuit die Here en met Hom geleef word.

'n Meer alledaagse voorbeeld kan gebruik word om die sterk kontras uit te beeld van hoe ons telke male ons verhouding met die Here vandag uitleef. Ek wil graag iets deel om dit te illustreer, iets so eenvoudig soos die beeld van 'n sitkamer.

'n Sitkamer soos dit in my kinderdae was, was 'n vertrek in die huis wat altyd blink skoon moes wees. Die banke in die sitkamer was eksoties, met krulle en draaie, spesiaal vir wanneer gaste onthaal word. Die matte het altyd gelyk asof my Moeder hul al twee keer vanoggend met die stofsuijer beet gekry het. Die sitkamer of "livingroom", soos hulle dit in Engels noem, was vir alles behalwe "living". Dit was taboe vir kinders om daar te speel, (waag jy dit net om te dink jy gaan 'n hap van jou toebroodjie vat terwyl jy op dié luukse banke sit, is daar oorlog). Die kamer het eintlik onaangeraak gebly en die lewe het in die res van die huis gebeur. Die beste meubels en die mooiste dékor was daar, maar ons het nooit daar gelewe nie.

Ek is oortuig die gedagte van so 'n kamer was om dit af te sonder en seker te maak dat wanneer, belangrike gaste dit gebruik, dit altyd netjies sal wees. Ouers kan dan in 'n mate voel hulle het 'n goeie greep op die huishouding en die lewe deur een vertrek te hê wat ordelik is, al is die res van die huis in totale wanorde. Alles lyk darem reg in die vertrek, alles lyk onder beheer!

Daar was ook 'n ander vertrek wat vir ons 'n ware leefruimte was, met gemaklike banke waarop mens maar kon lê. Anders as die deftige banke wat elk geval so hard en ongemaklik was dat geen mens daarop sou wou lê nie. Dié leefruimte was die plek waar ons die meeste tyd spandeer het. Ons het daar gesit en heerlijk gesels of 'n uiltjie geknip op die ou bank.

Dit gebeur dat ons die Here en ons geloof soos die sitkamer benader. Dit pragtig, netjies en onaangeraak laat. Eerder as die gemaklike, leefbare vertrek met die ou bank. Daarmee vergelyk ek nie die Here se skoonheid en almag, ver buite ons begrip, met 'n ou bank nie, maar die metafoor verwys na die verhouding wat ons met die Here het. As ons die beeld vanuit Johannes 15:1-8 neem, sien ons dat die Here nie 'n verhouding soos 'n sitkamer vra nie. Die beeld spreek baie eerder van lewe saam met die Here, 'n lewe waar niks onaangeraak bly deur die Here se liefde en genade nie. 'n Verhouding waar ons tyd saam die Here spandeer, waar ons werklik in Jesus Christus se verlossing leef. Dis juis in daardie lekker leef area waarin ons Hom wil ervaar, as om Hom net gedeeltelik in 'n netjiese afgesonderde omgewing te wil ontmoet!

Mag jy IN HOM BLY en so Sy vrede ervaar in jou leefruimte!

Groete

Jeanri Bezuidenhout

(Namens die predikantespan)

Naam _____

Selfoonnommer _____ Landlyn nommer _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

Handtekening _____

Datum _____

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za



Enkelpersoon-woonstelletjie (Batchelor) onmiddellik beskikbaar. Baie sentraal geleë 100m vanaf Lynnwood Bridge en Glenfair-winkelsentrum. Ook naby Varsity College en St. Alban's. Huur beloop R3600 per maand. Vol deposito en huurkontrak 'n vereiste. Skakel Paul 082 371 5389.

Gevind: Volkswagenmotorsleutel by die kerk gevind – kontak asseblief die kerkkantoor by 012 348-1245.

Transoranje-Skool vir Doves: Vir die eerste keer ooit gaan die gewilde groep TOUCH OF CLASS saam met Transoranje Gebare Koor 'n *SOUND OF SILENCE*-konsert hou op Donderdag 26 Julie 2018 om 19:00 in die Aula Teater, UP kampus. R150 p.p. (kinders onder 6 jaar gratis). Kaartjies kan bespreek word by transoranje3@gmail.com. Moenie dit misloop, hierdie konsert gaan baie spesiaal wees!

Kraakvars Classics: 'n lig-klassieke produksie aangebied deur NG Kerk Jan Niemandpark, vir fondsinsameling, op 26 Augustus om 16:00 by Choose Life Ouditorium, Rubensteinrylaan 589, Moreletapark. Soliste André Schwartz, Burgerd Botha, Henry van Dyk, Veramarie Meyer, Charlotte Killian, Helena Ceronio en die Capital Filharmoniese orkes onder leiding van Schalk van der Merwe. Kaartjies: 083 289 1869 danievr@lantic.net (Danie van Rensburg) R200 – R250).

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.


Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.



Kontak ons: 012 348 1245, kerkkantoor@nglynnwood.co.za. Web: www.nglynnwood.co.za

Ma – Do 07:30 – 13:00 en Vry tot 12:00. Koster: Juan Ferreira 084 588 4948. Kombuis: Maretha Brits 073 267 7019.

Kom  ons en gesels saam op Facebook by Lynnwood Gemeente,
Nuwe Generasie (@nuwegenerasielynnwood) of Musiek at Lynnwood Gemeente.